NAMIBIA SIM NEWSLETTTER

BOODSKAP VAN DIE PRESIDENT

2014 was a more dynamic year within our society, achievements we are proud of. A special word of appreciation towards the council members, our secretariat and all members of the society. Our Namibian websites have just been activated and we want to encourage members to have a look and make suggestions how to improve them. www.simmentalernamibia.org and www.simbranamibia.org . Advertising space will be available soon to members and companies. The Simmentaler 121 years celebration and Journal were a big success with international guests attending. A Simmentaler and Simbra Information day were hosted, a Judges symposium held and a Judge Orientation Seminar. I am proud to congratulate the following person to be promoted as Simbra Senior Judges Egbert Hoff, Thinus Cocklin, Hendrik Prinslo and Paul Tjiamba. Simmentaler Senior Judges are Dewald Walters, Paul Tjiamba,Hendrik Prinslo. Numbers of animals scanned for carcass traits increased slightly, inspection by Willie Grobler and Schullie Schulenburg was on very high standard and I thank these two gentlemen for their valuable contribution to breed improvement. Lastly I am excited to mention that your society is in an advanced phase with a marketing strategy for the breeds.

2014 SE BORGE

Die Simmentaler en Simbra Beestelersgenootskap van Namibia wil graag sy borge bedank wat ons deur 2014 ondersteun het.

Standard Bank van Namibia: Borgskap van die Standard bank bul van die jaar kompetisie vir die Grootfontein, Gobabis en Windhoek skou. Die etes van telers en touleiers tydens die Windhoek Skou en die gala prysuitdeling by die Markies Tent langs die beesarena.

Hollard Namibia: Die borgskap van die SimXtravaganza veiling op 18 Oktober 2013. Die borgskap is gebruik vir die advertensiekoste van die veiling.

Securitas: Met dank aan SECURITAS en Bertus Walters vir die bydaes tot die Simmentaler 121 Jaar kampioenskap.

Santam Namibia: N skenking in kontant is ontvang van Santam vir die aanbied van n baie suksesvolle beoordelings orienteringskursus. SANTAM het ook die etes geborg by die bekendstelling van die Simmentaler 121 Jaar Memoir.

Martin Harms Simmentaler boeredag: Met dank aan Gunther Roeber van AGRA, Dayle van Virbac en Frank Katjiativi van Voermeester wat as sprekers opgetree het by die boeredag. AGRA, Virbac en Voermeester het ook n finansiele bydrae gelewer tot die sukses van die dag.

Feedmaster: Die advertensie borde by Die Simmentaler en Brahman Huis om die Simmentaler 121 Jaar te herdenk is opgesit deur Voermeester.

Meatco: Meatco se voorsieningsspan het vir ons Meatco steaks gebraai tydens die Simmentaler 121 Jaar herdenkaand tydens die Windhoek Skou 2014.

Agribank: Die Simbra Telersdag by Kalla en Sigi Heimstadt is geborg deur Agribank. Ons se ook dankie aan Wylie Upi vir sy hulp en ondersteuning om die dag moontlik te maak.

MSD Animal Health: Met dank aan Hennie Brisley van MSD vir die bydrae tot die Breedplan Kursus wat deur Dr. Michael Bradfield aangebied was. MSD het ook geskenke geborg vir die Simmentaler en Simbra kampioenskappe vir die afgelope Windhoek Skou.

Mutual en Federal/Old Mutual: Die borgskap het gegaan aan die Breedplan kursus wat saam met die Algemene Jaarvergadering aangebied was.

Kamab Telersdag: Die volgende borge het bygedra tot die dag. Ons dank aan Standard Bank of Namibie, AON , Meatco, Santam en Agra.

N PAAR NOODSAAKLIKE PUNTE OM TE ONTHOU UIT 2014 VIR 2015

1.STANDARD BANK BUL VAN DIE JAAR

Die Standard Bank Bul van die jaar kompetisie is een van die Hoogtepunte op die Kalender van die Simbra en Simmentaler jaar. Hierdie kompetisie vind elke jaar tydens die Skoue plaas. Die belangrikheid daarvan is dat, onder andere, Standard Bank ons hoofborg is en dit ons die geleentheid bied om ‘n Gala aand vir ons telers aan te bied. Dit is dan ook die geleentheid waar die wenners van hierdie kompetisie bekend gemaak word en hulle hul pryse ontvang.

Oor die laaste paar jaar het die belangstelling om deel te neem afgeneem. En ons (die Raad) probeer om weer meer lewe aan die kompetisie te gee. Derhalwe het ons weereens ‘n paar veranderinge aan die reels aangebring. Die kompetisie word soos volg aangebied:

Standard Bank Bull of the year competition

1. Winner will be announced for all official shows where a competition takes place.

2. Overall winner will have to participate in Windhoek.

3. Overall winner will be the owner of the Sire with the most points of two shows (1 rural show plus Windhoek).

4. Competition will take place as soon as there is one entry to one of the progeny classes.

5. Official shows are: Grootfontein (rural), Rehoboth (rural), Gobabis (rural) and Windhoek.

6. Points:

	Rural Show	Windhoek
Placing	Points	Points
1	3	7
2	2	4
3	1	1
4	0	0
5	0	0
6	0	0

7. If there is a Draw in points, the direct competition in Windhoek will determine the Winner!

Om meer belangstelling te prikkel het ons 'n paar veranderings aan die kompetisie aangebring:

1. Die aantal diere wat deelneem is verminder van drie na twee diere in die manlike en vroulike nageslags klasse.

2. Aansienlike prysgelde word aan die wenners toegeken: N$ 2 500.00 per Skou en en N$ 2 500.00 vir die algehele wenner, m.a.w. die algehele wenner, wat moontlik WHK skou gewen het en ook op 'n plaaslike skou gewen het, kan met N$ 7 500.00 in sy sak wegstap.

2. KEURING VAN BULLE

n Versoek word gerig dat telers na keuring van hul bulle alle 7+ en 8+ gekeurde bulle se ID nommers moet deurgee aan die kantoor om n lys op te stel van die beste gekeurde bulle . Die Simkantoor kan dan hierdie ID nommers deurstuur aan Simtelers om telers sodoende in staat te stel om hooggepunte bulle aan te koop van mede telers.

3. SKANDERING

Gedurende die afgelope jaar het meer telers aan die skanderingsprogram deelgeneem. Telers wat belangstel om in 2015 hul diere te skandeer moet die Simkantoor in kennis stel voor 31 Januarie 2015. Na die afsnydatum word belangstellende telers se name en getalle deurgegee aan die NSV. Indien u laat inskryf vir die skanderingsprogram sal u naam nie op die program verskyn nie. Indien u later wel besluit om deel te neem kan dit u koste verhoog om deel te

neem aangesien n spesiale besoek aan u gebring moet word. Telers wat laat inskryf moet dus bereid wees om n hoer koste te betaal.

4. POTENSIELE STOETBULLE

Die Genootskap is besig om n eie Namibia Simbra en Namibia Simmentaler webtuiste te *huisves*. Ons versoek telers om belangrike inligting en fotos aan die kantoor te voorsien. Veilingsdatums maar ook boeredae ensovoorts is belangrik. Ons versoek ook telers om ID nommers van bulle wat tydens keuring 7 en meer gepunt is aan die kantoor te stuur. Ons wil graag hierdie ID nommers met n foto op die nuwe webtuistes plaas en sodoende kan u diere bemark word. Die onus berus by u as telers om die inligting aan die kantoor te voorsien.

5. SIMXTRAVAGANZA VEILING

Die SIMXtravaganza veiling vind plaas op Vrydag, 16 Oktober om 11h00 by die Agra Veilingsring te Windhoek.

Die Simmentaler en Simbra telers het op hul onderskeie vergaderings besluit dat alle bulle vir die SimXtravaganza veiling DNA getoets moet wees met vaderskap bepalings.

6. SIMBRA BULLE OP VEILINGS

Die Simbra telers het op hul vergadering, 13 November besluit dat alle bulle vir veilings vanaf 2015 DNA getoets moet wees met vaderskap bepalings. Ons het n verantwoordelikheid tenoor ons kopers dat hulle die korrekte genetiese material aankoop. Haarmonsters moet aan Unistel by Kaapstad gestuur word en dit neem gemiddeld 3 weke om die uitslae terug te kry. Vaderskap bepalings kos N$ 125 en telers word aangemoedig om betyds haarmonsters in te stuur.

7. SIMBRA BRANDMERK

Alle geregistreerde Simbra bulle sal vanaf 2015 met die Simbra merk gebrand moet word. Brandyster is beskikbaar vanaf einde Januarie 2015. Vir die lede wat ysters by die kantoor bestel het.

SIMKANTOOR: Die kantoor sal gesluit wees vanaf 2 Januarie tot 8 Januarie 2015. Baie dankie vir die samewerking 2014. Ons sien uit na 2015.

ONS WENS GRAAG AL ONS TELERS N GESEENDE KERSFEES EN N VOORSPOEDIGE 2014 TOE. U HET ELKEEN N BYDRAE TOT DIE GENOOTSKAP SE SUKSES IN 2014 GELEWER. BAIE DANKIE HIERVOOR.

NAMIBIA SIM NEWSLETTTER